

Ons kinders deel in die genadeverbond

Die antwoord wat Petrus op Pinksterdag gegee het, word soms gebruik om te probeer aantoon dat ons kinders nie deel uitmaak van die verbond nie en daarom nie gedoop kan word nie. (Die voorwaarde word soms gestel dat jy jou eers moet bekeer en dan kan jy gedoop word.) Die presiese teendeel is egter waar. Seker die belangrikste bevestiging dat kinders (kindertjies) deel uitmaak van die verbond vind ons hier. Petrus preek op Pinksterdag. Drieduisend Jode is daar bymekaar. Presies waar hulle bymekaar was, weet ons nie. Dit kon by die tempel gewees het. In die preek van Petrus verduidelik hy dat na al die dinge wat met Jesus Christus gebeur het tot met sy hemelvaart die Heilige Gees uitgestort is. Hierdie Jode van oral uit die bekende wêreld van daardie tyd, het gekom om die Pinksterfees te kom vier. (Die Joodse Pinksterfees het met die oes te doen gehad en niks met die Heilige Gees nie.) Nadat hulle die verkondiging van die Evangelie van Jesus Christus gehoor het, is hulle vraag: "Wat moet ons doen, broers?" (2:37).

Hierop was Petrus se antwoord "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus. Dan sal God julle sondes vergewe, en sal julle die Heilige Gees as gawe ontvang. Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep". Hier word 'n mondvul gesê. Maar die verstommende is dat Petrus doodeenvoudig hier die verbondsformule herhaal. 2000 jaar al hoor die Jode dit elke keer en preek hulle hierdie formule uit elke keer wanneer 'n seuntjie besny is. Nou gaan dit nie daarom of hier by hierdie byeenkoms kindertjies was wat op daardie dag gedoop of nie gedoop is nie. (In elk geval vreemd om 3 000 mense bymekaar te kry en daar is nie 'n kind by nie.) Die punt is dat dit verbondstaal is wat eie aan die Jode was en daar kon by hulle geen misverstand wees nie. Wanneer daar gepraat word van jy en jou nageslag, of jy en jou huis, of jy en jou kinders dan is dit verbondstaal. Die kinders was nog altyd deel van God se verbond. As die kinders uitgesluit was van hierdie Nuwe Testamentiese verbondsteken, dan sou Petrus dit darem baie mooi moes verduidelik. Petrus het nie nodig gehad om te sê dat kinders gedoop moet word nie. Dit was 2000 jaar so dat die kinders by die uitspraak van hierdie formule die teken van die verbond ontvang het en dit sal tot die laaste dag toe so wees. God herhaal sy beloftes van geslag tot geslag.

Hierdie teks is inderdaad 'n bevel van die Here dat ons kinders gedoop moet word. Ons kinders het reg daarop dat die teken van die verbond aan hulle bedien sal word. God het lankal beloof dat Hy ook die God van ons kinders sal wees. Ons as verbondsouers moet ook die eis van die verbond nakom dat ons ons kinders hierdie dinge sal leer (Deut. 6).

Ons moet ons kinders opvoed met die heerlike sekerheid: My kind, jy is die Here s'n (Jes. 44:5).

Sing: Psalm 90:9

Dr. D.J.S. Steyn (Benoni-Noord)